# SONDAGSKOOL LES: Verstaan jou Bybel – Afdelings van die Nuwe Testament – Profetiese boek: Openbaring

**Doel van les:**

- Ons kyk vandag kortliks na Openbaring in die Nuwe Testament net om bietjie beter te verstaan waaroor dit gaan.

**Ysbreker: Boek ordes:** Gee vir elke groep 'n Ou Testament en Nuwe Testament kaart. Gee al die boeke in die Ou Testament en gee al die boeke in die Nuwe Testament. Hulle moet nou die boeke onder die twee kaarte rangskik in die regte orde. (Indien jy sien dat die kinders sukkel om die boeke maklik onder die knie kry, kan jy of vir twee weke stilstaan by dieselfde aantal boeke, of meer boeke byvoeg wat hulle moet rangskik. Pas die speletjie aan volgens jou groep.)

**Inleiding:** Vandag kom ons by die heel laaste boek in die Bybel. Hierdie boek se naam is Openbaring. Dit is geskryf deur 'n man met die naam Johannes. Toe Johannes al oud was, moes hy as straf, omdat hy ander van Jesus vertel het, op 'n eiland gaan bly. Daar het hy 'n visioen (amper iets soos 'n droom, maar jy is wakker) van Jesus gehad en hy het als wat hy gesien het, neergeskryf.

Hy het baie dinge gesien en geskryf. Aan die begin van die brief praat Jesus met sewe kerke. Hy gee hulle bietjie raad. Wat beteken dit as mens iemand raad gee? Jesus vertel die kerke wat sal slim wees om te doen en wat nie. Hoe hulle moet maak om God tevrede te stel en Hy waarsku hulle ook. Kom ons leer bietjie wat die raad was.

**Uitdeelstuk: Boodskappe vir die sewe gemeentes.**

Kom ons raak prakties oor hierdie raad. Ons gaan so paar speletjies doen net sodat ons bietjie beter kan verstaan waaroor hierdie boodskap gaan.

**Speletjie 1: Mnr Snake**

- Begin deur al die kinders aan die een kant van die vertrek te hê met een persoon aan die ander kant.
- Hulle sit agter 'n lyn wat die "veilige deel" is.
- Die kinders moet verby die veilige lyn beweeg na Meneer Slang toe.
- Die leiers gaan catchers wees.
- Die kinders moet roep "Meneer Slang wat doen jy vandag"?
- Meneer Slang sal dan iets antwoord wat of goed of sondig is.
- Wanneer dit sondig is, moet die kinders terug hardloop tot agter die veilige lyn sonder dat die catchers hulle vang.

As dit 'n mooi antwoord is, kan hulle aanhou beweeg en weer die vraag herhaal.

**Aktiwiteit 1**: Gebruik die geheime kode om van die boodskappe aan die sewe gemeentes in Openbaring 2 en 3 te ontsyfer.

Jesus het gesê dat almal moet wegdraai van hulle sondes. Hulle moet kies om Hom te volg en nie verkeerde dinge te doen nie.

**Aktiwiteit 2: T-hemp hindernisbaan:** Deel die groepe op in twee groepe. Hulle moet nou 'n maatjie kies om die hindernisbaan mee te hardloop. Gee vir hulle 'n groterige t-hemp wat hulle altwee gelyktydig aantrek om hulle bymekaar te hou. Hulle moet nou die hindernisbaan so saam in die t-hemp voltooi.

Hierdie speletjie was moeilik. Daar was sommer 'n klomp goeters om deur te kom voordat julle veilig aan die anderkant uitgekom het. Die lewe van 'n kind van Jesus is nie altyd maklik nie, en soms spot ander mense ons ook en maak dinge vir ons baie, baie moeilik. Die duiwel probeer ons met moeilike / slegte goed keer om nie meer in Jesus te glo nie. Ons moet vashou aan Jesus al gaan dit moeilik en nie ophou om Hom te volg nie.

Dink julle Jesus het goeie raad gegee?

In die brief word die hemel ook beskryf. Kom ons dink ook bietjie oor hoe die hemel kan wees.

**Aktiwiteit 3: Uitdeelstuk:** Gee vir elke kind 'n uitdeelstuk en laat hulle omkring wat hulle dink in die hemel sal gebeur/hoe dit in die hemel sal wees.

Ons lees in Openbaring dat daar nie hartseer, hongerte of siekte in die Hemel sal wees nie. God, Jesus en die Heilige Gees woon daar, daar is engele en daar is nie 'n Eskom nie, want God self is ons lig. Dink julle nie dit klink wonderlik nie?

**Aktiwiteit 4: Partytjie:** Jesus gaan terugkom en die satan kom straf vir al die verkeerde dinge wat hy deur al die baie, baie jare hier op aarde gedoen het. Die wat gekies het om die satan se pad te volg, gaan ook gestraf word. Ons kan weet dat Jesus die satan gewen het aan die kruis en dit moet ons so gelukkig maak. Al gaan dinge swaar kan ons weet Jesus het gewen en eendag sal ons saam met Hom in die hemel bly. Dit maak my so bly ek wil nou sommer partytjie hou.

(Verskaf lekkernye vir die kinders om te eet, jy kan ook partytjiehoede uitdeel. Tydens die partytjie vra vir die kinders of hulle ook bly is dat Jesus gewen het en dat hulle eendag saam met Hom in die pragtige hemel gaan bly.)

Sluit af in groepe met gebed.

**Aktiwiteit 1:**

## GEHEIME KODE ALFABET

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| © | ⍰ | ◊ | ¥ | ≠ | ™ | Ω | % | ┴ | ☺ |
| A | B | C | D | E | F | G | H | I | J |

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ♀ | ♥ | ♫ | ╬ | ♣ | † | ῲ | ☼ | ♯ | ↨ |
| K | L | M | N | O | P | Q | R | S | T |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| ◙ | ▼ | ▬ | ɷ | ∑ | ∞ |
| U | V | W | X | Y | Z |


1. ¥☼©©┴ ▬≠Ω ▼©╬ ☺◙♥ ♯♣╬¥≠

---

2. ▬≠≠♯ Ω≠↨☼♣◙ ↨♣↨ ¥┴≠ ¥♣♣¥ ↨♣≠

---

**Aktiwiteit 3: Hoe dink jy sal die Hemel wees?**



























**Geheime kode antwoorde:**

1. Draai weg van jul sondes.
2. Wees getrou tot die dood toe.

**BOEKE VAN DIE BYBEL SPELETJIE:**

# OU TESTAMENT

# NUWE TESTAMENT

Genesis

Eksodus

Levitikus

Numeri

Deuteronomium

Josua

Rigters

Rut

1 Samuel

2 Samuel

1 Konings

2 Konings

1 Kronieke

2 Kronieke

Esra

Nehemia

Ester

Job

Psalms

Spreuke

Prediker

Hooglied

Jesaja

Jeremia

Klaagliedere van Jeremia

Esegiël

Daniël

Hosea

Joël

Amos

Obadja

Jona

Miga

Nahum

Habakuk

Sefanja

Haggai

Sagaria

Maleagi

Matteus

Markus

Lukas

Johannes

Handelinge

Romeine

1 Korintiërs

2 Korintiërs

Galasiërs

Efesiërs

Filippense

Kolessense

1 Tessalonisense

2 Tessalonisense

1 Timoteus

2 Timoteus

Titus

Filemon

Hebreërs

Jakobus

1 Petrus

2 Petrus

1 Johannes

2 Johannes

3 Johannes

Judas

Openbaring